# DIE VERSKUIWING VAN DIE KRUGER-STANDBEELD

## 'N OPROEP

In 'n vorige uitgawe van „Pretoriana,"[1] is die standpunt van die Genootskap Oud-Pretoria ten opsigte van die Kruger-standbeeld by monde van sy voorsitter, dr. W. Punt, duidelik en afdoende uiteengesit. Hoewel die Genootskap Oud-Pretoria minder intiem by die saak gemoeid is as bv. die Krugersgenootskap, het die bestuur nog altyd van die standpunt uitgegaan dat hy nie volkome afsydig durf staan nie. Uit die aard van die saak sal die Genootskap Oud-Pretoria belangstel in die standbeeld van president Kruger, nie slegs omdat die president gedurende die belangrikste tydperk van sy lewe intiem aan Pretoria verbonde was nie, maar veral omdat die plasing van die standbeeld op Kerkplein nie kan geskied sonder inagneming van die plek wat die plein, histories sowel as andersins, in ons stadslewe inneem nie.

Noudat finaliteit omtrent die verskuiwing en heroprigting van die standbeeld verkry is, kan die Genootskap Oud-Pretoria hom verheug oor die — al is dit dan ook maar beskeie — aandeel wat hy in die saak gehad het. Wanneer die beeldegroep eenmaal op Kerkplein staan — wat hopelik teen Oktober 1954 die geval sal wees — sal 'n trotse prestasie tot die reeks dienste wat die Genootskap reeds onbaatsugtig in belang van Pretoria verrig het, gevoeg wees.

Hiermee kan ons egter nie ons aandeel in die saak as afgehandel beskou nie. Voordat die onthullingsplegtigheid plaasvind, sal nog baie gedoen moet word. Om aan net een en waarskynlik die belangrikste saak te raak: gedurende die volgende twaalf maande sal ongeveer £20,000 ingesamel moet word om die koste aan die onderneming verbonde te bestry. Met hierdie taak is die Krugergenootskap tans ywerig besig en die eerste resultate op hierdie inspannende en opofferende werk, het ook nie uitgebly nie.

Veral in verband met hierdie groot en grootse onderneming, durf die Genootskap Oud-Pretoria nie afsydig staan nie. Die geleentheid tot daadwerklike hulp — moreel sowel as finansieel — is daar. Hoewel die verskuiwing van die standbeeld van wyle president Kruger met reg as 'n nasionale onderneming bestempel kan word, is dit tog by uitstek ook van plaaslike belang omdat dit in die eerste plek sal bydra tot die luister van Pretoria. Dit is om hierdie rede dat die ongeveinsde hoop uitgespreek word dat nie 'n enkele lid van die Genootskap Oud-Pretoria hom of haar onbetuig sal laat om ook sy of haar aandeel in die groot onderneming, te hê nie.

A. N. PELZER,
Onder-voorsitter.

---

1) Deel II, No. 2, bls. 1.